# DIE STUDENTE VAN DIE UNIVERSITEIT PRETORIA EN HUL PLIG IN DIE PLATTELAND

## GEVAAR DAT HUL AFSTERWE VAN HUL VROEËRE OMGEWING

Volkstem 29-2-36.

## Mnr. Gerard Moerdijk By Opening Van Ons Hoëskool

Die amptelike opening van die Universiteit Pretoria het gisteraand in die Stadsaal plaasgevind. 'n Groot aantal lede van die publiek en studente was aanwesig. Op die verhoog is die plekke ingeneem deur mnr. G. Moerdyk, voorsitter van die Raad van die Universiteit en die dekane van die fakulteite.

Na 'n kort uitvoering op die orrel deur prof. G. Bon, het prof. S. P. Engelbrecht 'n hoofstuk uit die Heilige Skrif voorgelees en 'n gebed gedoen. Die openingstoespraak deur die voorsitter van die raad, mnr. G. Moerdijk, het hierop gevolg. „Nooit te vore," het mnr. Moerdyk verklaar, „was die relatiewe ekonomiese waarde van kennis so groot as vandag nie. Daar het 'n reaksie gekom teen besitting; as gevolg van groot belastings en sterfregte is eiendom nie meer die bate wat dit voorheen was nie. Geld het ook grotendeels in waarde verminder, selfs in lande wat met die Wêreldoorlog aan die winnende kant behoor het. Kennis is al wat van blywende waarde skyn te wys. Dit is 'n besitting waarop belastings nog nie gehef is nie."

# DIE REKTOR OOR DIE BEHOEFTES



**MNR. SCHMIDT.**

'n Aantal tientalle jare terug kon mens slegs abstrakte kennis aan universiteite verkry; die professore het toe feitelik uitsluitend gedoseer in die klassieke en filosofie, maar vandag word opleiding in praktiese vakke ook beoog.

Spreker het vervolgens daarop gewys dat dit baiemaal skyn asof studente hulle tyd moet verkwis met kursusse wat op geen doel gerig is nie; maar net soos mens op die sportveld skynbaar nodelose dade verrig om die liggaam te oefen, word die gees ook ontwikkel deur verstandelike inspanning. As daar aan 'n universiteit vakke van geen praktiese belang gedoseer word nie, dien mens slegs te onthou dat 'n ontwikkelde gees 'n gesonde gees is, en beter in staat sal wees om hinderpale en moeilikhede te oorkom. Reeds van oudsher af was die waarheid bekend, maar die denker Buddha het die slotsom waartoe hy gekom het uitgespreek in die woorde dat, as 'n mens iets wil doen, hy beter daartoe in staat sal wees om te verrig wat hy wil, as die liggaam geoefen en die gees ontwikkel is.

### DIE PRAKTYK.

Mnr. Moerdyk het voorts verklaar dat, hoewel kennis soms op 'n baie abstrakte manier ingegaar en versamel word, dit noodsaaklik is dat die kennis prakties uitgevoer en toegepas word. Daar moet 'n Afrikaanse tegniek van wetenskap vir die bestudering van Afrikaanse probleme, en 'n eie manier om die moeilikhede te oorkom, ontwikkel word. Die praktiese toepassing is gegrond op 'n geestestoestand. Soms word die klagte gemaak dat seuns en dogters vanweë hulle universitêre opleiding kontakt met hulle voormalige omgewing verloor. Hier is nodig om in gedagte te hou dat baie van die persone wat 'n leidende aandeel geneem het in ons land, persone was wat uit die landelike bevolking afkomstig was.

**Om dan vandag dergelike materiaal so op te voed dat hulle ontwrig raak van hulle vroeëre omgewing en sonder simpatie vir**

**die omgewing, is 'n misdaad. Om dit te voorkom is 'n Afrikaanse beleid nodig, waarmee die doel is om die Afrikaanse probleme in hulle regte perspektief te sien.**

Dikwels word die kritiek geuit dat die Universiteit Pretoria met sy Afrikaanse beleid Engels verwaarloos. Spr. het nadruk daarop gelê dat die noodsaaklikheid van Engels wel deeglik besef en beklemtoon word. Die persone wat die vooruitgang van Engels op die hart dra, is deur mnr. Moerdyk aangemaan om, liewer as om te kritiseer, tot die Departement van Engels aan die Universiteit by te dra.

,,Dit is egter nie slegs 'n vraag van Engels of Afrikaans nie, maar ons moet poog, om die probleme in Suid-Afrika op te los.

**,,Ons probleme is die van Afrika, en hul verskil in menige opsig van dié van Europa. As ons dit regkry om met die Afrikaanse tegniek wat ons beoog, die probleme op te los, kan ons vir die hele vasteland van Afrika tot nut wees; en hierin lê ons strewe. En die hele Afrika is ons veld.''**

## GEBREKE.

Vervolgens is die woord gevoer deur die rektor van die universiteit, mnr. C. F. Schmidt, wat verklaar het dat hy hom gaan bepaal by die Universiteit se gebreke, waarvoor hy die publiek van Transvaal verantwoordelik hou.

,,Ons gebreke is nie van geestelike aard nie, want op dié gebied kan ons



**MNR. MOERDYK.**

goed vergelyk met die beste in die wêreld; maar ons gebreke is materiëel."

Mnr. Schmidt het aangevoer dat daar nie behoorlike huisvesting is vir die biblioteek van die Universiteit nie; die plek van waar die lig versprei moet word, is duister. Die laboratoria skiet te kort en daar is selfs nie ruimte vir die klasse nie sodat professore en lektore soms nie 'n kamer kan kry om lesings te gee nie.

Die koshuise is ook vol, en daarom doen spreker 'n beroep op die bevolking om mildelik tot die fondse van die Universiteit by te dra.

Mnr. Schmidt het verder verklaar dat hy glo aan die feit dat die Afrikaanse volk een nasie sal ord; die twee wortels sal tot een boom groei, en aan die Universiteit word gepoog om die land se tradisies vir die toekomstige nasie te bewaar.